Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die vraagnommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **As ek toe geweet het wat ek nou weet, sou ek ...** **[50]**

1.2 Almal verdien om met respek behandel te word. **[50]**

1.3 *ŉ Gebrek aan kennis lei tot ŉ donker toekoms.* **[50]**

1.4 Die liefde vergaan nooit nie. **[50]**

1.5 Op daardie oomblik was hy/sy die held. **[50]**

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf ŉ OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1



[Uit: www.suiderkruis.co.za] **[50]**

1.6.2



[Uit: www.dnaindia.com] **[50]**

1.6.3



[Uit: www.unwto.org] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou ouma/oupa, wat nie naby jou woon nie, verjaar binnekort. Jy besluit om ’n geskenkpakkie vir haar/hom te stuur.

Skryf ’n VRIENDSKAPLIKE BRIEF wat jy saam met die pakkie aan hierdie familielid gaan stuur waarin jy haar/hom gelukwens met haar/sy verjaardag. Vertel ook vir haar/hom wat jy beplan om gedurende die September-vakansie te doen. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF AAN DIE PERS**

Suid-Afrikaners het gemengde gevoelens oor die inenting teen die Covid-19 virus. Baie mense ondersteun die inenting en ander is daarteen gekant.

Skryf ’n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou mening hieroor lug. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats is die afgelope naweek in ’n motorongeluk oorlede.

Skryf ’n HULDEBLYK oor hierdie klasmaat. Dit gaan by julle skool se saalopening gelees word. **[25]**

2.4 **TYDSKRIFARTIKEL**

Volgens die Handves van Menseregte het jy die reg om in ’n beskermde, gesonde omgewing te woon.

Skryf ’n TYDSKRIFARTIKEL vir ’n tienertydskrif met die opskrif: **Tieners voel nie meer veilig nie**. **[25]**

2.5 **TOESPRAAK**

Vir tieners het sosiale media ’n kritiese manier geword om na hulself te kyk en hul liggame met ander syne te vergelyk. Jy word uitgenooi om tydens ’n jeugsaamtrek ’n toespraak oor liggaamsaanvaarding te lewer.

Skryf jou TOESPRAAK met die titel: **Aanvaar jou liggaam.** **[25]**

2.6 **ONDERHOUD**

Een van jou rolmodelle het jou skool besoek. Jy kry die geleentheid om ŉ ONDERHOUD met hierdie persoon te voer en hom/haar oor sy/haar suksesresep uit te vra sodat jy dit in julle skoolkoerant kan plaas.

Skryf jou onderhoud met hierdie persoon. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou